

toekomstige gelukstaat. Hierdie beplanning berus altyd op 'n „sisteen”, 'n „stelsel”, 'n „ideologie” of waardebeginsel”, maar die resultaat is nooit dit waarvoor beplan is nie. Die wêreld wat ons na die 1939-1945 oorlog ge-erf het, is heel anders as waarvoor beplan is.

DIE TOEKOMS IS NIE VOORSPELBAAR NIE

DAAR bestaan eintlik nie waterdigte formules of faktore wat die geskiedenis „bepaal” nie, ons kan nie sê hierdie of daardie stel faktore moet noodwendig tot dit of dat lei nie, ofskoon die versoeking by middelmatige sprekers en skrywers bestaan om dit wel te veronderstel. Nadat die gebeurtenisse wat verandering meegebring het, plaasgevind het, kan ons nagaan hoedat onderlinge verhoudinge tussen mense, hoedat botsende idees, hoedat ideologieë, waardebeginsels, denkbeelde, ens., die situasie waarin die mens hom bevind het, verander het. En wanneer jy dan langs die lyn van die tyd af beweeg en dit alles nagegaan het, begin jy verstaan waarom mense dink soos hulle dink, waarom hulle teenoor dinge reageer soos hulle dit doen en wanneer 'n mens eers so ver is dat jy verstaan en begryp, dan het jy reeds 'n groot oorwinning oor jouself behaal.

—T. S. VAN ROOYEN.

HERINNERINGE OOR EUGENE MARAIS IN SY BRONKHORSTSPRUITSE TYDPERK

(1922—1923)

ONGEVEER tien jaar gelede het ek die voorreg gehad om hier in Pretoria met wyle mev. Anna Auret-Polderman bevriend te raak. Sy was 'n waardige en aristokratiese ou dame en het beskik oor 'n onuitputlike skat van lewensherinneringe wat oor baie jare gestrek het. Wat my steeds in verband met haar getref het, was haar wonderlike geheue en besonder aangename en onderhoudende vertelvermoë. Voordat ek haar leer ken het, het sy alreeds 'n gedeelte van haar lewensherinneringe op skrif gestel gehad. Ongelukkig kon sy tydens haar lewe nooit daarin geslaag het om 'n uitgewer daarvoor te kry nie. Op een stadium, voordat ek met haar kennis gemaak het, was die manuskrip in besit van prof. dr. P. J. Nienaber en het sy vader dit ingebind. Juis omdat prof. Nienaber vir daardie rede sentimentele waarde aan die ingebinde manuskrip geheg het, het die skryfster dit in 1955 aan hom geskenk en is dit tans nog in sy besit. By die deurlees daarvan was dit vir my opmerklik watter treffende ooreenkoms daar tussen die skryfwyse van wyle mev. Polderman en M. E. Rothman bestaan: 'n rustige

en innige verteltrant, sonder enige opgesmuktheid en in die geval van eersgenoemde, net so eg en natuurlik soos sy in die omgang self was.

Gebrek aan ruimte verbied my om uitvoerige lewensbesonderhede oor wyle mev. Polderman te vermeld. Vir die doel van hierdie artikel sal dit voldoende wees as ek net vermeld dat sy in 1875 in Aberdeen gebore is, saam met haar ouers op elfjarige leeftyd na die Zuid-Afrikaanse Republiek verhuis en in Pretoria haar mettertyd as onderwyseres bekwaam het. Na die dood van haar eerste man, jonkheer Van Nispen, is sy met J. W. Polderman getroud. Hy is in 1908 in Java oorlede en daarna het sy nie weer in die huwelik getree nie. Nadat sy weer vir 'n tydlang onderwys in C.N.O.- en staatskole gegee het, het sy haar mettertyd vir 'n tydlang op Bronkhorstspuit gaan vestig—vermoedelik vroeg in die twintiger jare—waar sy 'n losieshuis gehad het. Dit was juis op hierdie klein plattelandse dorp dat sy in 1922/1923 die voorreg gehad het om met die digter, Eugène Marais, kennis te maak. Hy het destyds 'n regspraktyk op Bronkhorstspuit behartig en aangesien hy 'n alleenloper was, het hy by mev. Polderman ingewoon. Sodoende het sy hom besonder goed leer ken. Sy kon op 'n onderhoudende wyse urelank oor Eugène Marais gesels. Ek het destyds baie uitvoerige aantekeninge van haar vertellinge gemaak en dit later met haar manuskrip gekontroleer.

Mev. Polderman het vertel dat Eugène Marais altyd baie gaaf teenoor haar was en dat hulle baie lekker saam gewoon het. Dit was dan ook vir my duidelik dat sy steeds met die aangenaamste gewaarwordinge teruggedink het aan die vooreg wat haar te beurt geval het om vir Eugène Marais as loseerder in haar huis te kon gehad het.

EUGÈNE MARAIS SE EETGEWOONTES EN VORKEURE.

HY was glo verbasend lief vir alles waarin pypkaneel was. Wanneer mev. Polderman wartlemoenkonfyt gekook het, het sy altyd die gewoonte gehad om 'n paar stukkies pypkaneel daarin te gooi. Eendag was sy weer besig om so'n pot wartlemoenkonfyt te kook en die stroop met die pypkaneel daarin het soos gewoonlik 'n heerlike soet geur versprei.

Eugène was buite die huis êrens besig en toe hy inkom, vra hy: „Mevrou, wat ruik so lekker?”

„Mnr. Marais, ek kook wartlemoenkonfyt en dit is seker dít wat jy ruik”, antwoord sy.

Hy is dadelik kombuis toe en sy agterna terwyl sy sê: „Wag, dit is nog nie gaar nie!”

Hy laat hom egter nie keer nie, neem 'n piering en lepel, skep vir hom in en daarna loop hy op en af voor die deur met die warmwartlemoenkonfyt. Net toe kom daar twee dames verbygeeloo.

„Kom”, nooi hy hulle in, „ons eet wartlemoenkonfyt!”

Hulle kom toe ook na binne en sê dat meneer Marais hulle ingenooi het om wartlemoenkonfyt te kom eet. Mev. Polderman deel hulle mee dat

Die skade wat daar gedoen is, juis omdat ook die vorm wat die feesvierings aangeneem het, die Afrikaner gaan isoleer het, hom tot sy eie emosies laat keer het tot uitsluitel van enige breëre begrip van die terrein waarop ons geskiedenis homself afgespeel het, word nou stadiggaan oorbrug en herstel, maar die gevaar bestaan dat té veel van daardie verengde lewenssiening in ons denke oorgebly het wat ons somtyds 'n bietjie onverdraagsaam teenoor ander en veral teenoor onself kan maak.

ONVERDRAAGSAAMHEID

AS so'n eienskap van onverdraagsaamheid, verenging by ons aanwesig is, of by watter volk ook al—die „My country, right or wrong”-mense—dan word dit 'n gevaarlike faktor aangesien toekomstige beslissings daarop gefundeer sal word en dit alleenlik tot bitterheid en misverstand kan lei voordat die skaal weereens herstel is.

GELOOF

DIE Joodse benadrukking of uitlewing van die beginsel, „God's chosen people”, het ook die Jood teenoor die nie-Jood gaan isoleer. Geen effektiewe kommunikasie tot beter begrip kon plaasvind nie, en ofskoon dit die Joodse gemeenskap in sy verspreidheid deur die eeue gehandhaaf het, het dit die nie-Jood voortdurend teenoor die Jood geplaas. Dit was nie net in Duitsland waar die Jood vervolgd is nie, maar vervolging het ook, o.a., al in Engeland, Spanje en ander lande voorgekom. Bewustelike skepping van afstand skep die nodige atmosfeer van suspisie.

Net in bogemelde verband hierdie enkele waarskuwing: moet nooit Bybelse tekse aanhaal om 'n politieke ideologie te regverdig of bestendig nie.

EMOSIES

EN van die belangrikste faktore wat die menslike groep se geskiedenis bepaal, is oorge-erfde emosies wat as vooroordele beskryf kan word en wat dikwels hul ontstaan in sekere gebeurtenissituasies het. Die aanwesige emosies speel dikwels 'n groot rol in die formulering van beleid, ens., wat weer daarop gemik is om toekomstige situasies te bepaal. Sulke emosies kan bewustelik aangewakker word d.m.v. gruwelstories, ens., wat ten doel het om verharding van opinie mee te bring. Voorbeelde hiervan is legio in die Duits-Engelse en Duits-Franse verhoudinge gedurende die afgelope eeu. Hierdie emosies is tydelik van aard en hul aanwesigheid hang van omstandighede af. Wie sou twintig jaar gelede kon voorspel dat die Japanners wat aan ons as die „Yellow Peril” voorgehou is, vandag 'n gesogte bondgenoot van die Weste sou wees?

Wanneer 'n tyd van snelle verandering beleef word soos ten tye van oorloë of rewolusies, of selfs bewus wees van toekomstige probleme en „gevaare”, beplan die staatsmanne, die volksleiers en almal wat saamgebind word deur die emosies wat dit in die lewe roep, altyd vir vrede en 'n

die stroop nog so dun soos water is. Haar besware help egter niks. Elkeen staan daar rond met 'n piering warm konfyt en eet smaaklik daarvan.

Eugéne was ook baie lief vir groen rissies. Hy het gewoonlik 'n klomp by die koelies gekry wat sy gasvrou dan vir hom skoongemaak, in 'n bottel geplaas en asyn daaroor gegooi het. Dan het hy dit altyd saam met sy vleis geëet. Gewoonlik het die sweet op sy voorkop uitgeslaan. Hy het dan maar net af en toe die sweet afgevee en voortgegaan met eet.

Ook het hy baie graag peperwortels geëet en daarvan het mev. Polderman gereeld 'n bottelvol op tafel gehad.

DIE AFRIKANER-VERENIGING.

MET die stigting van die Afrikaner-vereniging op Bronkhorstspruit het Eugéne Marais 'n leidende en aktiewe aandeel geneem. Op 'n goeie dag sê mev. Polderman aan hom: — „Meneer Marais, my kombuis is tog so vuil en die eienaar wil nie iets daaromtrent doen nie.” Omdat sy alleen en sonder hulp was, het sy dikwels haar nood by hom geklae en haar toevlug tot hom geneem. Hy het haar met baie aktiwiteite in die huis hulp verleen. Sy het veral onthou hoe hy haar gehelp het om die huis se gordyne op te hang. Toe sy nou van die toestand van die huis melding maak, het hy dadelik geantwoord: „Kom mevrou, ek maak dit môre gou vir jou skoon.”

Hulle het al die benodighede gekry en die volgende dag staan Eugéne Marais bo-op die kombuistafel en verf terwyl mev. Polderman op die vloer staan om alles wat nodig was aan te gee en te help waar sy kon. Skielik word daar aan die voordeur geklop en sy gaan kyk wie dit was. Dit was mev. Neethling, die plaaslike predikant se vrou. Mev. Polderman groet en nooi haar na binne. „Nee dankie, mevrou. Ons het vandag ons vergadering en ons wil net weet waar mnr. Marais is.” Toe mev. Polderman in die kombuis kom sê Eugéne Marais fluisterend: „Dis die Vereniging se vergadering vandag. Ag mevrou, ek het die hele ding vergeet. Sê maar ek kom nie vandag nie!”

Die predikant se vrou was teleurgesteld en toe die volgende vergadering moes plaasvind, het sy vooraf gekom om eers te hoor of Eugéne Marais gereed was om sy lesing te gee, „want”, het sy gesê, „ons kan nie riskeer dat hy weer die kombuis wit nie.”

„ALICE WHERE ART THOU?”

MEV. POLDERMAN se seun uit haar eerste huwelik, Louis van Nispen, kon baie goed siter speel en terwyl hy een aand besig was om „Vrolikheid in die berge” te speel, sit hulle en luister hoe hy speel. Met oë wat skitter en met spanning op sy gesig het Eugéne Marais gesit en luister. Mev. Polderman kon duidelik sien hoe hy die musiek geniet. Toe begin Louis meteens die stuk „Alice where art thou?” speel. Eugéne Marais slaan met sy hande op sy knieë. „Mag!” roep hy uit, „daar speel hy „Alice where art thou?” Daarna begin hy vir die aanwesiges vertel hoe die woorde



ANNA AURET-POLDERMAN.

geskrywe en die musiek gekomponeer was deur 'n dame wat in 'n sielsieke gestig opgesluit was.

SY KLEREDRAG.

SKUINS oor die straat het 'n bejaarde Engelssprekende egpaar gewoon en hulle het nog die gewoonte gehad om met die aandete in aandrags aan tafel te gaan sit. Hulle het eenkeer vir Eugéne en sy maat genooi om een aand by hulle te kom eet. Dit was daardie dag vreeslik warm en 'n storm was aan die kom. Hy was glad nie lus om te gaan nie en het die hele dag teengestribbel maar beleefdheidshalwe moes hulle egter gaan. Mev. Polderman het hom toe die raad gegee om maar gou na ete terug te kom. „Ag, maar ek het nou glad nie lus om in daardie ou benoude huisie te gaan nie en ek weet presies hoe dit sal wees.”

Hulle het nietemin begin klaarmaak. Hy het altyd 'n wit broek en skoene met 'n donkerblou baadjie en 'n donkerbruin hoed gedra. Daardie middag moes Aron, die bediende van mev. Polderman, 'n wit broek stryk en die wit skoene skoonmaak. Hy het egter te laat begin om die broek te was en gevolglik wou dit nie gou genoeg droog word nie. Toe mev. Polderman deur die venster kyk, sien sy Eugéne Marais onder 'n boom in die agterplaas staan waar hy besig was om sy wit broek self te stryk. Toe hulle uiteindelik klaar was en besig was om te vertrek, het hy geroep: „Mevrou, hou vir ons kos. Ons kom weer hier eet.” Sy gee vir Eugéne 'n flitslig en meteens het daar 'n ontsettende storm losgebars. Wind, stof, weerlig en reën. Toe hulle in die donker op die oorkantste stoep staan, het hy nog vir laas na mev. Polderman se huis gelig.

Kort nadat hulle geëet het, het hulle huistoe vertrek. Intussen het die storm bietjie bedaar. „Dis nes ek gesê het. Sy sit vir ons kommetjies ontsettend warm sop op tafel om te eet en dit is reeds so warm.” Mev. Polderman het hulle nog iets te ete gegee en daarna het Eugéne weer baie van sy grappies vertel. Hyself kon baie lekker en hartlik lag.

IN GESELSKAP.

HY kon baie interessant gesels en dan is almal se oë op hom gevestig. Hy het egter nooit lank bly sit nie en het altyd vroeg na sy kamer gegaan. Hy het altyd op 'n stoel naby sy kamerdeur gaan sit, 'n sigaret aangesteek en as die geselskap hom begin verveel, het hy nie meer saam gesels nie. Hy het dan die sigaret so in sy hand gehou totdat dit heeltemal uitgebrand is en die hele lang stuk as daar lê of op sy klere geval het. Dan het hy dit afgestof. As hy in die luim was, het niemand hom sy kamer sien verlaat nie.

„BURGERS VAN DIE BERGE”.

MEV. POLDERMAN het vertel dat sy en ander baie gesukkel het om vir Eugéne Marais so ver te kry dat hy „Burgers van die Berge” moes

DE NIEUW
EXECUTIEVEN.
Werkzaam in
L. J. N. TIDGALL.
Wijk van de
Binnen- en Buitenvoer-
degen van de Republiek van
Suid-Afrika.

LAND EN VOLK.

Advertentie- en Nieuwsblad. De Vertegenwoordiger van de Z. A. Republiek.

De **Witwatersrand**
Witwatersrand
Witwatersrand
Witwatersrand
Witwatersrand
Witwatersrand
Witwatersrand
Witwatersrand

NUMMER 10. VERGADERING 10 JUNI 1914. PRIS 25, 100 Jaar. Nr. 100.

